**15 November 2020** **Saggeus - Genade**

**Verwelkoming en Afkondigings**

**Dankoffers (By die deure)**

**Oomblik van Stilte**

**Votum en Seën**

Vriende en familie die GENADE van die Here Jesus Christus, die LIEFDE van God, en die SAGTE HAND van sy Gees, sal met elkeen van ons wees. Amen!

**Toetredelied**

- Lied 163 – Soos ‘n Wildsbok (sittend)

**Nagmaal (Roep die diakens uit.)**

**Lofsang na die nagmaal (Sittend)**

- Lied 190 – Grote God, aan U die eer (1 en 3)

Skriflesing:

- Lukas 19: 1-10

| | |
|---|---|
| 1 | Jesus het in Jerigo gekom en was op pad deur die stad. |
| 2 | Daar was 'n man met die naam Saggeus, die hooftollenaar, 'n ryk man. |
| 3 | Hy het geprobeer om Jesus te sien, maar weens die skare kon hy nie, omdat hy te kort was. |
| 4 | Hy hardloop toe vooruit en klim in 'n wildevyeboom om Jesus te kan sien, want Hy sou daar verbygaan. |
| 5 | Toe Jesus by die plek kom, kyk Hy op en sê vir hom: “Saggeus, kom gou af, want Ek moet vandag in jou huis tuis gaan.” |
| 6 | Hy het toe gou afgeklim en Jesus met blydskap ontvang. |
| 7 | Almal wat dit gesien het, het beswaar gemaak en gesê: “Hy gaan by 'n sondige man tuis!” |
| 8 | Maar Saggeus het opgestaan en vir die Here gesê: “Here, ek gaan die helfte van my goed vir die armes gee, en waar ek iets van iemand afgepers het, gee ek dit vierdubbel terug.” |

| | |
|---|---|
| 9 | Daarop sê Jesus: “Vandag het daar redding vir hierdie huis gekom; ook hierdie man is 'n kind van Abraham. |
| 10 | Die Seun van die mens het immers gekom om te soek en te red wat verlore is.” |

**Prediking**

**Tema: Genade groter as myself.**

Lewe Saggeus volgens sy naam?

Die naam Saggeus beteken skoon of onskuldig. Maar hy het nie volgens hierdie naam geleef nie. Hy was die hooftollenaar van die Jerigo streek. Die tollenaars was mense wat belasting vir die Romeinse regering van hulle Joodse volksgenote ingesamel het. Hulle is dus deur hul mede-Jode as verraaiers gesien omdat hulle vir die Romeinse vyand gewerk het. Die tollenaar het die geld wat Rome vir die streek waarin hy gewerk het vereis het, eers aan hulle oorbetaal. Hulle het dan aan hom die reg gegee om daardie geld wat hy aan Rome oorbetaal het weer uit sy volksgenote te gaan verhaal in die vorm van geld of goedere.

Hy het ook die reg gekry om sy eie kommissie te gaan bysit en dis waar die tollenaars bedrog gepleeg het. Hulle het baie meer van hul volksgenote of ander Jode ingesamel as wat nodig was vir die belastings en dit wat oortollig was het hulle natuurlik in hul eie sakke gesteek.

Natuurlik kon almal nie byhou by die prys van hierdie dikwels buitensporige belastings nie en moes hulle hulle huise en besighede soms verkoop om hul belasting te kan betaal. Tollenaars soos Saggeus het dus kinders sonder brood laat loop en mense op straat gesit.

Tollenaars was ook die geldvoorskieters of die loan sharks van daardie tyd. As jy geldelik in die moeilikheid beland het, kon jy by die tollenaar gaan geld leen, teen buitensporig hoë rente natuurlik.

Boonop was Saggeus die hooftollenaar van daardie streek, wat beteken hy het baie ander tollenaars met tolstasies gehad wat vir hom gewerk het en elkeen moes aan

hom van hul geld oorbetaal vir die voorreg. Mense het Saggeus dus gehaat en gespoeg op hierdie naam van hom wat skoon of onskuldig beteken het.

Saggeus was ryk en magtig- Romeinse soldate het hom bygestaan as iemand nie sy belasting wou betaal nie. Hy het selfs as Jood die mag van die magtige Romeinse ryk agter hom gehad. Maar hy moes geweldig eensaam gewees het. Hy was afgesny van God omdat hy hierdie skuldlas gehad het van al die korrupsie wat hy gepleeg het en al die mense wat hy op straat of in die tronk gesit het. Die Bybel skryf mos so mooi dat ons sonde hierdie skeidsmuur tussen ons en God kan word wat ons afsny van God. Maar Saggeus was ook afgesny van sy Joodse volksgenote.

Hulle het hom gehaat en verag omdat hy vir die vyand en verdrukker van die Joodse volk, die Romeine gewerk het. Vir die ander Jode was hy niks minder as vuilgoed nie. Iemand skryf dat Saggeus in die wildevy boom moes klim omdat die mense aspris in sy pad sou staan sodat Hy vir Jesus nie kon sien nie.

Saggeus was boonop ryk. Dit het hom ook van ander mense afgesny. Soos in enige gemeenskap selfs ook vandag is mense maar half agterdogtig oor een wat ryk word as omtrent almal anders swaarkry en maand vir maand sukkel om die wa deur die drif getrek te kry.

**Leef ons volgens ons naam?**

Saggeus het nie geleef volgens sy naam wat skoon of onskuldig beteken het aan die begin van hierdie verhaal van Lukas 19 nie. Ek wil vanoggend die vraag vra of ons, of ek en jy volgens ons naam leef? Want ons naam is Christen en hierdie naam beteken letterlik iemand wat Jesus navolg.

Leef ons volgens hierdie naam? Sien mense Jesus in my raak of is Jesus net lippetaal, Hy oor Wie ek praat en vir Wie ek Sondae in die kerk bely? Sal die mense met wie ek paaie kruis kan bevestig dat hulle Jesus in my lewe kan sien?

God sien ons raak:

As hierdie verhaal van Saggeus een ding aan my bevestig het, is dit dat God ons raak sien. Saggeus gaan hierdie dag om te kyk hoe hierdie Jesus lyk, want hy het natuurlik iewers gehoor dat hierdie Jesus simpatiek is, dat Sy hart en woorde sag is teenoor sondaars en straatvroue en selfs tollenaars. Dat Hy anders na hulle wat verlore is kyk

as die meeste mense. Saggeus gaan sit in die boom net om Jesus te sien. Hy het geen verwagting dat Jesus hom gaan raaksien nie, wat nog te sê in sy huis sal wil tuisgaan of saam met hom aan tafel sit en eet.

Saggeus gaan net kyk sonder die hoop om raakgesien te word. Maar Jesus sien hom en nooi homself na Saggeus se huis toe.

Familie en vriende Jesus sien jou ook raak.

- Al sien niemand anders jou raak of reken die meeste mense jou lewe is nie van veel waarde nie.
- Dit maak nie saak hoe hoog die boom waarin jy sit of hoe diep die gat waarin jy geval het nie.
- Dit maak nie saak hoe ver jy reken jy van God af verdwaal het nie en of jy jare lank maar hierdie toeskouer van die geloof is nie.
- Dit maak nie saak hoe ver jy reken jou sonde en slegte besluite jou van God en mense af geplaas het nie.
- Daar is nêrens, daar is nêrens wat Sy liefde en genade jou nie sal raaksien en kom haal nie.

Hoekom is Saggeus gered?

Dis miskien die belangrikste vraag wat ons aan Lukas 19 kan stel, want as ons hierdie vraag se antwoord verkeerd verstaan, mis ons die evangelie, die goeie nuus van hierdie gedeelte.

Ons kan dink Saggeus is gered omdat hy nuuskierig was en in die boom geklim het. Hy het alles moontlik van sy kant af gedoen om by Jesus te kom. En dan kan ons dink die gedeelte sê as jy tot God nader sal Hy tot jou nader. Maar as Jesus hom nie raakgesien het in die boom en na Homself na Saggeus se huis toe genooi het nie, het net mooi niks verander nie.

**Dit gaan nie hier oor Saggeus wat vir Jesus kon sien nie, maar oor Jesus wat vir Saggeus raakgesien het.**

Ons sou kon dink Saggeus is gered omdat hy veel meer teruggegee het as wat hy gesteel het. Dis ook nie die rede waarom hy gered is nie. Hy is gered omdat God se genade vir alle mense bedoel is.

Ongeag hoe groot hulle sonde en ellende is en of hulle met hul hele lewe eintlik al oor en oor bewys het dat hulle die naam van kind van God of Christen nie werd is nie. Die pakkie van God se genade is altyd oneindig groter as die pakkie van jou skuld en sonde.

Daarom is die storie van Saggeus hierdie wonderlike verhaal van God se onverdiende genade. Nie net vir Saggeus nie, maar ook vir jou en my. Want ons was niks beter as Saggeus nie.

**Romeine 3:23 herinner ons hoekom: Almal het gesondig en is ver van God, maar hulle word sonder dat hulle dit verdien op grond van Sy genade vry gespreek vanweë die verlossing deur Jesus Christus**.

Sonder God se genade vir almal was ek en jy net so verlore soos Saggeus. Ons kan soos Saggeus net skoon en onskuldig genoem word omdat Jesus ook ons lewens aangeraak het deur Sy offer aan die kruis. Dis die eerste been van hierdie boodskap van Lukas 19: God se onverdiende genade vir mense soos ek en jy en Saggeus wat dit nie verdien het nie. Maar die storie het hierdie tweede been waarop dit staan:

Saggeus se bekering verander sy lewe en die gemeenskap om hom:

Saggeus wou Jesus van hierdie veilige afstand uit die boom uit dophou- hy het nooit beplan dat sy lewe daardie dag sou verander nie. Hy wou net toeskouer wees. Maar Jesus het gekom om te soek en te red wat verlore is en daarom was Saggeus daardie dag op Sy agenda. Die woord hier vir verlore beteken letterlik iemand se lewe wat op die verkeerde plek staan. Jesus kom plaas Saggeus se lewe weer op die regte plek.

Ons lees nie wat Jesus vir Saggeus daar in sy huis gesê het nie. Maar die liefde en aanvaarding wat hy aan hierdie verlore seun van die Joodse volk bewys het, was genoeg. Saggeus is bereid om die hoogste prys te betaal, want hy wil gee soos wat God vir hom gegee het.

Alles wat hy kan. Dit wat is sy hart gebeur het, het in sy dade sigbaar geword. Wat hy uitspreek na sy bekering is nie een of ander belydenis van baie woorde nie, **dis 'n plan van aksie.** Saggeus is vry. Hy wat voorheen so op homself ingestel was, kyk nou weg van die **eie-ek** en sien ander raak.

Die greep wat geld en mag op sy lewe vir so baie jare gehad het, is gebreek. Hy is vry om te gee, om terug te gee, soveel meer as wat die wet vereis het.

Hy wat so dikwels sy posisie misbruik het om mense te verneder en uit te buit, tree na vore as iemand wat bereid is om reg te maak wat verkeerd is, wat bereid is om hom met sy medemens te versoen. **Die evangelie van Jesus wil ons nie net anders laat praat nie, maar anders laat leef.**

Dit wat met Saggeus gebeur het en die redding wat na sy huis en sy hart toe gekom het, raak ook die gemeenskap om hom aan. Die gemeenskap kry 'n weldoener. Die armes kry 'n versorger. Die wat geld of middele van afgepers was, kry baie meer terug en kan weer menswaardig lewe en mense om hul in die oë kyk. Saggeus se bekering sit kos terug op kinders se borde.

Hoe raak jou en my kindskap en dissipelskap van Jesus Christus die gemeenskap om ons aan? Want ons lewens impakteer altyd die gemeenskap om ons.

Die verhaal van Saggeus wil ons laat onthou dat die evangelie van Jesus allermins net hierdie persoonlike saak tussen my en God is. Dis bedoel om nie net my lewe nie, maar die gemeenskap en die mense om my aan te raak en te verander. As Jesus jou lewe aanraak dan kyk jy nie net anders na God en jou eie lewe nie, jy kyk anders na die mense om jou. Dan sit jy nie net meer labels op mense nie- common of swart of moffie of loser nie. Dan sien jy net werklike mense met

werklike behoeftes en nood en dat jy die kans, die geleentheid het om te kan help. Jy hoef nie self ryk te wees soos Saggeus om dit te kan doen nie. Kom gee dit wat jy het, jou bietjie geld en jou tyd en jou talente en jou ondervinding in die lewe vir God terug en hy sal daarmee veel meer maak as wat ek en jy kan dink.

Slot:

In die Bybelse roman The Robe gebruik die skryf Lloyd Douglas die storie van Saggeus om te verduidelik hoe Jesus ons vry maak. In hierdie storie vra Jesus vir Saggeus nadat hy hom voorgeneem het om die grootste deel van sy geld weg te gee, wat hom dit laat doen het, tot hierdie buitengewone daad van vrygewigheid laat oorgaan het. **Dan antwoord Saggeus: Meester, toe ek in U oë kyk, het ek daarin die Saggeus gesien wat ek veronderstel was om te wees**.

Dit is wat die evangelie van Jesus met ons doen. Dit wys ons wie ons werklik is- sondig en verlore en ver van God. Of soos Openbaring dit verduidelik: Arm, blind en beklaenswaardig. Maar dit laat ons ook daardie mens sien wat God bedoel het ons kan wees en mag wees.

Ons moet in hierdie storie nie net Saggeus voor die Here sien nie, ons moet onsself daar sien. Ons moet hoor dat nie net hy nie, maar ook ons Jesus met blydskap kan ontvang. Ons moet ook hoor dat die Heilige Gees se agenda altyd groter as net my eie lewe is en dat Hy daardie gemeenskap waarin ek leef deur my lewe wil aanraak en verander ten goede.

Ons weet mos wat ware genade is, ons weet aan die kruis van Golgota het God getuig dat Hy ook vir jou en my in ons verlorenheid raak gesien het. Hy het by die deur van ons hart ook geklop sodat Hy kon inkom en saam met ons maaltyd hou soos Hy saam met Saggeus gedoen het. Daarom word ons ook soos Saggeus opgeroep tot hierdie lewe van dien van ander en van ware vrygewigheid.

**Die Here sê: Gaan leef in My Naam en omdat jy glo en jou lewe en dade dit onderstreep, sal mense glo dat Ek leef.**

Amen.

**Gebed**

**Slotlied**

- O, Heer my God (1 en 4)

**Seengroet**

Mag die Here ons seën en ons beskerm; mag die Here tot ons reddingverskyn en ons genadig wees; mag die Here ons gebede verhoor en aan ons vrede gee”.

**Na die seen staan op vir die seën**

Lied 314